Lêer verw/
File ref: 15/3/10-8/Erf_5535

Navrae/Enquiries:
Me D n Stallenberg

11 September 2019

CK Rumboll en Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

PER GEREGISTREERDE POS

Meneer

APPÈL OP VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 5535, MALMESBURY

U skrywe gedateer 10 Mei 2019 in voormelde verband verwys.

Hiermee word u ingevolge artikel 91(11) van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PK 7741 van 3 March 2017) in kennis gestel van die uitslag van voormelde appèl, welke appèl gehandhaaf word.

Die Appèlowerheid was op Woensdag, 21 Augustus 2019 byeen en is daar –

"EENPARIG BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die evaluering van die appèlle, met spesifieke verwysing na PAJA, en dat die Appèlgesag eens is dat die beginsels van regsgeldigheid nagekom is;

(b) Dat, met in ag neming van –
  (i) Die evaluering van die appèlle deur die gemagtigde amptenaar, Aanhangsel A verwys, en
  (ii) Die feit dat geen nuwe inligting na vore gekom het met die aanhoor van die appellante en aansoeker op 21 Augustus 2019 nie, die besluit van die Munisipale Beplanningstribunaal gedateer 13 Februarie 2019 ondersteun word, onderhewig aan die toevoeging van die volgende voorwaardes in paragraaf (c) en (d):

(c) Dat die voorgestelde terreinplan gewysig word om die twee bestaande parkeerareas te verbind en dat beide die verkeersingange en -uitgange tot Munisipalestraat beperk word;

(d) Dat slegs voetgangerverkeer vanuit Keeromstraat toegelaat word;

(e) Dat die appèlle ontvang vanaf mnr J P Terblanche (gedateer 13 Maart 2019), Miko Familietrust (gedateer 13 Maart 2019) en Theron's Voertuig Onderdele BK (gedateer 12 Maart 2019) van die hand gewys word.

U kan dus nou voortgaan om uitvoering te gee aan die goedkeuringsvoorwaardes soos uiteengesit in skrywe gedateer 21 Februarie 2019.

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Korporatiewe Dienste

/ds